higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE SERTIFIKAAT**

# INLEIDENDE KLEDINGKONSTRUKSIE N4

(10010444)

**24 Mei 2021 (X-vraestel)**
**09:00–12:00**

**Hierdie vraestel bestaan uit 11 bladsye.**

028Q1J2124

Kopiereg voorbehou

# DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING (16 font)
# REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
INLEIDENDE KLEDINGKONSTRUKSIE N4
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

---

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke vraag op ’n NUWE bladsy.
5. Gebruik slegs ’n swart of blou pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

---

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING A

## VRAAG 1

1.1 Gee EEN term vir elk van die volgende beskrywings deur slegs die term langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.1.1 Hierdie moue is baie geskik vir kinderdrag.

1.1.2 Gevormde stukkies lap afgewerk aan alle kante, en dan vasgewerk aan die uitrusting.

1.1.3 Klein identiese driehoekies aan elke hoek van die sak.

1.1.4 'n Stuk gereedskap wat netjies in die handpalm pas en gebruik word of los rafels te knip.

1.1.5 Hierdie mat word gebruik vir die rotasiesnyer.

1.1.6 'n Stuk gereedskap wat gebruik word om knippies, drukknope en ogies wat nie vasgewerk word nie eenvoudig en vinnig te heg.

1.1.7 'n Sak wat vasgewerk is aan die uitrusting by die middellyf en synate.

1.1.8 Dit is 'n stoomyster wat gekoppel is aan 'n houer wat 'n groot hoeveelheid water kan hou.

1.1.9 Dit het baie gewild geraak, aangesien dit naaldwerkers wat tuis werk die geleentheid gee om hulle naaldwerk 'n professionele afwerking te gee.

1.1.10 Effe, los geweefde materiaal, gewoonlik katoen, wat gewoonlik vir gordyne gebruik word.

(10 × 1) (10)

Kopiereg voorbehou 

1.2 Kies 'n item uit KOLOM B om by 'n item in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–Q) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.15) in die ANTWOORDBOEK neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.2.1 | Mandaryn | A | dwarsdraad |
| 1.2.2 | Broderie anglaise | B | waar daar baie spanning is |
| 1.2.3 | Diamantvorm | C | oordrag van patroonmerke |
| 1.2.4 | Kommersiële patroon | D | werk die some van dik, swaar kleedstof vas |
| 1.2.5 | Gelyke rygwerk | E | staankraag |
| 1.2.6 | Ongelyke rygwerk | F | naatafwerkings |
| 1.2.7 | Platplooi | G | kartelskêr |
| 1.2.8 | Diagonale rygwerk | H | kruisstrook |
| 1.2.9 | Deurslagsteke | I | waar daar min spanning is |
| 1.2.10 | Kombersteek | J | kontoerpylnaat |
| 1.2.11 | Oordwarsweefsel | K | 2 voulyne |
| 1.2.12 | Sigsag rante | L | sneespapier |
| 1.2.13 | Gerib | M | ogiesborduurwerk |
| 1.2.14 | Trensiestrook | N | omboorsel |
| 1.2.15 | Visgraatsteek | O | heg hoeke en ogies |
| | | P | hou kleedstoflae saam voor finale stikwerk |
| | | Q | lostorring |

(15 × 1) (15)

1.3 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.3.1 Die afronding van ’n mourand hang af van die patroonontwerp

1.3.2 Die oorslag van ’n opgestikte sak word gesny uit dieselfde patroon as die belegselpatroon.

1.3.3 Die sakversterkings wat meestal op hemde voorkom is die klein, identiese driehoekies.

1.3.4 Wanneer die mandarynkraag aan die halslyn gewerk word, word ’n gevormde belegsel gebruik.

1.3.5 Die snyerskussing is ’n handskoenrige kussing wat gebruik word om klein deeltjies op uitrustings te pars.

1.3.6 Skuinsbandmakers word slegs gebruik om die kleedstof wat gestik word te rig.

1.3.7 Die voltooide soom van ’n sirkelromp is 5 cm.

1.3.8 ’n Voorste gulpritssluiter word in mansbroeke gebruik.

1.3.9 Houstiksel word gedoen wanneer die uitrusting aan mekaar gewerk word.

1.3.10 Afknip en inkeping word gebruik op geronde nate sodat hulle plat kan lê.

(10 × 1) (10)

1.4 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.4.1–1.4.15) in die ANTWOORDBOEK neer).

1.4.1 Die mees geskikte vasmakers wat met die versteekte opening gebruik word is …

A knope en knoopsgate.
B hakies en ogies.
C drukknope
D Velcro.

1.4.2 Hierdie basiese opnaaisel is een steekvou in die kleedstof en is meestal dekoratief, maar word ook gebruik om vorm te gee.

A Blinde opnaaisel
B Gespasieerde opnaaisel
C Gewone opnaaisel
D Speldopnaaisel

Kopiereg voorbehou 

1.4.3 Die voulyne van hierdie plooi word in een rigting gedraai.

A Kristalplooie
B Straalplooie
C Springplooi
D Mesplooie

1.4.4 ’n Strook kleedstof wat so gesny is dat dit pas op die ronding waarop dit aangebring gaan word.

A Gekombineerde belegsel
B Verlengde belegsel
C Gevormde belegsel
D Skuinsbelegsel

1.4.5 Die openinge van hierdie sakke maak deel uit van die styllyne van die uitrusting.

A Kantstrooksak
B Straalsak
C Heupsak
D Binnenaatsak

1.4.6 Hierdie tipe mou word gesny as ’n verlenging van die lyfiedeel en is meestal noupassend.

A Ingesette mou
B Dolman-mou
C Raglan-mou
D Hongaarse mou

1.4.7 Hierdie soort opening word meestal gebruik in die rompdeel van ’n meisiesrok of in mou-omslagopeninge.

A Deurlopende opslagsplete
B Opslagspleetopening
C Spleetopeninge
D Rolsoomopening

1.4.8 Die voltooide wydte van ’n Franse naat is ...

A 5 mm.
B 1 cm.
C 1 mm.
D 3 mm.

1.4.9 ’n Ander naam vir ’n opstaankraag is ’n … kraag.

A band-
B Mandaryn-
C knoop-
D rol-

Copyright reserved 

1.4.10 Hierdie pylnaat het ’n naatspeling in plaas van ’n wye pylnaatvou.

A Gewone pylnaat
B Buustepylnaat
C Franse pylnaat
D Kontoerpylnaat

1.4.11 ’n Handsteek, oorhandsteek by intervalle of masjiensteek wat oor ’n klein opnaaisel gedoen word.

A Blinde opnaaisel
B Gespasieerde opnaaisel
C Dopopnaaisel
D Speldopnaaisel

1.4.12 Bekend as ’n snyersnaat, gemaak aan die regterkant van die uitrusting met stiksel naby die vou.

A Enkel oorslagnaat
B Oorslagnaat
C Plat omgekapte naat
D Gebondelde naat

1.4.13 Word gebruik om volheid by die skouers, middellyf, heuplyn en moukop te verminder.

A Rygplooitjies
B Rimpelplooitjies
C Smokwerk
D Plooie

1.4.14 Die naat om ’n omslag aan ’n mou te werk is ’n …

A oop enkelnaat.
B geslote enkelnaat.
C toe enkelnaat.
D enkel oorslagnaat.

1.4.15 Die dekoratiewe stiksel wat gebruik word om die band van ’n romp aan die buitekant te stik, word … stiksel genoem.

A skadu-
B hou-
C onder-
D bo-

(15 × 1) (15)
**[50]**

**TOTAAL AFDELING A: 50**

## AFDELING B

## VRAAG 2

2.1 Die oop enkelnaat kan op kinderuitrustings gebruik word. Bespreek hierdie stelling onder die volgende hofies:

2.1.1 Noem VIER ander nate wat op uitrustings gebruik word en noem EEN spesifieke plek waar elkeen gebruik kan word. (4 × 2) (8)

2.1.2 Maak 'n lys van die verskille tussen 'n *oop enkelnaat* en 'n *Franse naat.* (3 × 2) (6)

2.1.3 Kleedstof wat nie geskik is vir 'n Franse naat nie. (2)

2.2 'n Begrip van tekstiel is wesentlik vir die vervaardiging van gehalte-uitrustings.

Verduidelik hoe die volgende afrondingsprosesse die gehalte, voorkoms en eienskappe van natuurlike of sintetiese kleedstof verbeter:

2.2.1 Merserisering

2.2.2 Antistatiese afwerking

2.2.3 Motbestandheid

(3 × 3) (9)

2.3 Maak 'n lys van enige DRIE natuurlike hulpbronne vir die vervaardiging van vesel vir die produksie van tekstiel. (3)

2.4 Die onderste kleedstof van 'n uitrusting kan beskou word as hulpmiddels om 'n beter uitrusting te maak.

2.4.1 Verduidelik die doel van die gebruik van tussenbelegsels op uitrustings of dele van uitrustings tydens die konstruksieproses. (6)

2.4.2 Watter VIER tipes tussenbelegsels sal jy as doeltreffend beskou vir gebruik in die maak van 'n uitrusting, veral vir sakke, mou-omslae en lyfbande? (4)

2.5 Wanneer enige uitrusting gestik word, moet die gehaltestandaarde vir nate en stikwerk nagekom word.

2.5.1 Maak 'n lys van enige DRIE gehaltestandaarde vir nate. (3 × 2) (6)

2.5.2 Steke moet professioneel gedoen word, want dit voeg waarde toe tot die klaar uitrusting.

Watter gehaltestandaarde sal jy as belangrik beskou. (3 × 2) (6)

**[50]**

**VRAAG 3**

3.1 Bestudeer die skets van die meisiesrok en beantwoord die vrae.



3.1.1 Noem die soort mou. (1)

3.1.2 Watter afwerking in op die mou? (1)

3.1.3 Watter soort kraag is gebruik? (1)

3.1.4 Verduidelik stap vir stap hoe jy die kraag sal maak. (6)

3.1.5 Noem die soort volheid wat in die romp gebruik is. (1)

3.2 Watter TWEE metodes sal jy aanbeveel om ritssluiters aan uitrustings se openinge vas te werk? (2)

3.3 Watter TWEE van die installasietipes beskou jy as die belangrikste vir ritssluiters? (2 × 2) (4)

3.4 Tydbesparende toestelle kan duur toestelle vir die naaldwerkkamer wees, maar hou langtermynvoordele in. Watter TWEE tydbesparende toestelle sal jy aanbeveel? (2)

3.5 Naatafwerkings is tegnieke wat gebruik word om nate netjies te maak. Watter DRIE faktore moet in gedagte gehou word wanneer daar oor naatafwerkings besluit word? (3)

3.6 Watter VYF naattegnieke kan aanbeveel word vir gebruik in uitrustings? (5)

3.7 Naattegnieke is belangrik vir die afwerking en gehalte van uitrustings. Verduidelik die volgende tegnieke wat algemeen in uitrustings gebruik word.

3.7.1 Gelykmaking (2 × 2) (4)

3.7.2 Inkeping (2 × 2) (4)

3.8 Noem VIER gehaltestandaarde wat oorweeg moet word wanneer belegsels gebruik word om uitrustingdele netjies te maak. (4 × 2) (8)

3.9 Maak 'n lys van enige VIER tegnieke wat gebruik kan word om die hoeke van opgestikte sakke te versterk, met die hand of met 'n masjien. (4)

3.10 Maak 'n lys van VIER verskillende soorte ritssluiters wat op uitrustings gebruik kan word. (4)

**[50]**

**VRAAG 4**

4.1 Kinderklere is duur as mens in ag neem dat hulle groei en die klere vinnig klein word. Verwys na die sketse hier onder wanneer die volgende vrae beantwoord word:



4.1.1 Watter mates dink jy is belangrik wanneer kinderklere gemaak word? (4)

4.1.2 Jou buurt se vrouegroep het jou genader om raad te gee oor die aankoop van kinderklere. Maak 'n lys van AGT belangrike wenke waarop jy sal fokus om voorstelle oor die aankoop van kinderklere te maak. (8)

4.1.3 Wat bepaal die kenmerke van 'n kleedstof en hoe dit versorg moet word om as die doeltreffendste vir kinderklere gebruik te word? (4)

4.1.4 Noem die verskillende tipes plasing van volheid, buiten rygplooitjies, wat in kinderklere gebruik kan word. (6)

Kopiereg voorbehou 

4.2 Bestudeer die sketse hier onder en verduidelik hoe jy rygplooitjies op die rompgedeelte van 'n meisiesrok sal maak voordat dit aan die middellyf van die lyfie vasgewerk word.




**FIGURE 2** (10)

4.3. Dit is wesentlik dat kinderklere met sorg uitgekies moet word.

Maak 'n lys van enige VIER faktore wat in gedagte gehou moet word wat betref die styl van die uitrusting. (4)

4.4 Die kind se veiligheid is 'n belangrike aspek om in ag te neem wanneer finale keuses oor kinderklere gemaak word.

Bespreek kortliks veiligheid wanneer kinderklere gekoop word. (2 × 2) (4)

4.5 Gehaltestandaarde is uiters belangrik wanneer vasmakers aan enige tipe kledingstuk in die konstruksieproses gewerk word. Verduidelik die gehaltestandaarde wat jy sal toepas wanneer jy die volgende gebruik:

4.5.1 Rek (2 × 2) (4)

4.5.2 Hakies en ogies. (3 × 2) (6)

**[50]**

**TOTAAL AFDELING B: 150**
**GROOTTOTAAL: 200**

Kopiereg voorbehou